8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Artt 3, 7)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT
Die Roepende Kerkraad rapporteer soos volg oor die oproep en ontvangs van die Nasionale Sinode 2009.
Besluit: Kennis geneem.

1. Oproep
Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (Januarie 2008) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes gestuur is.
Besluit: Kennis geneem.

2. Kredensiebriewe
Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.
Besluit: Kennis geneem.

3. Huisvesting
Die Universiteitskoshuis, Dennepark, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Etereëlings sal in die Aanvullende Rapport bekendgemaak word. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel.
Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuise gebruik maak van Maandag 5 Januarie tot Vrydag 16 Januarie 2009.
Besluit: Kennis geneem.

4. Verversings
Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.
Besluit: Kennis geneem.

5. Godsdiensoefening
In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (5 Januarie 2009) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord saamkom.
Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Noord.
Besluit: Goedgekeur.

6. Sittingstye
Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:
Weeksdae: 08:00 – 10:30 (Teepouse)
10:45 – 12:45
14:30 – 16:00 (Teepouse)
16:15 – 17:45
19:00 – 21:00
Saterdag: 08:00 – 10:30
10:45 – 12:45
Besluit: Kennis geneem.

7. Verwelkoming
Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.
Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

D. AANVULLENDE RAPPORT

Die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Noord rapporteer aanvullend oor die ontvangs en deputering na die Algemene Sinode 2009.

Kredensiebriewe

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar. Die Voorsitter bedank ds HS Coetzee vir die treffende opening, die oproep en die reëlings getref.